KDTA

# KOINONIA

## DISCIPLESHIP TRAINING ACADEMY

PROSPEKTUS

TRUST GOD'S STORY | AUTHENTIC WORSHIP | AUDACIOUS LOVE | RADICAL HOSPITALITY | INCLUDE OTHERS | MAKE DISCIPLES | SERVE THE COMMUNITY |

2025

18 Via Appie Straat
Voorbaai
Mosselbaai
Weskaap

**IN VENNOOTSKAP MET:**
RAYMOND LOMBARD MINISTRIES

# ‘n Jaar van *toewyding*



# INHOUD


- **Welkom** Boodskap
- Ons **Visie**
- Ons **Kultuur**
- KDTA **Span**
- Ons **Fasiliteite**
- **Kostes**
- Ons **Program**
- **Kurrikulum**
- **Kontak ons**

KDTA

# Welkom **Boodskap**



**Welkom by Koinonia -**
KOINONIA DISCIPLESHIP TRAINING ACADEMY

**Ons is opgewonde oor die moontlikheid om saam met jou 'n jaar van toewyding aan Christus te deel.**

**By KDTA fokus ons doelbewus op 'n jaar van toewyding - 'n jaar wat 'n suksesvolle impak op die res van jou lewe sal hê.**

**Ons harte is vol passie vir Jesus en jong volwassenes wat bereid is om hulleself te wy aan 'n jaar van toewyding in Christus se diens.**

Dit is belangrik om te weet dat die KDTA jaarprogram nie ‘n gewone “**gap” jaar** program is nie. Indien jy belangstel om deel te vorm van die 2025 KDTA program, sal jy bereid moet wees om ‘**n jaar van jou lewe aan Jesus te wy.**

Jy sal in die jaar, opgelei word in die **Woord van God**, meer leer oor **jouself** en ander **mense** wat saam jou sal bedien en natuurlik **avonture** beleef saam die groep van 2025.

Ons sien uit om jou moontlik deel te hê van die goep van **2025**!

# Ons **Visie**

## Knowing Jesus and making Him known

Ons visie vir hierdie diensjaar is om die **diepte van die kennis van Jesus Christus te ontdek** en te **deel**, terwyl ons onsself wy aan Sy diens en die verspreiding van Sy evangelie. Ons het die vasbeslote voorneme om oor niks anders te praat as oor **Jesus as die Christus**, spesifiek oor Hom as die gekruisigde. Ons glo dat deur diep in **Sy lewe, Sy leringe**, **Sy lyding** en **Sy opstanding** te duik, ons nie net ons eie geloof sal versterk nie, maar ook 'n vurige passie sal ontwikkel om Sy naam te verkondig aan die wêreld om ons.

Ons sien voor ons 'n gemeenskap van jong volwassenes wat hulleself toewy om 'n **dieper verhouding met Jesus** te ontwikkel, **gelei deur liefde, diens en toewyding.**

Hierdie jaar is 'n roeping om **nie net toeskouers te wees nie**, maar **aktiewe deelnemers** in die **verspreiding** van die **evangelie** en die **bou van 'n koninkryk** wat gegrond is op **Christus** se liefde en geregtigheid.



Ons

# Kultuur



## Vertrou God se Storie

Die waarde is gegrond op **2 Timoteus 3:16,** wat sê: *"Elke skrifgedeelte is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, vir weerlegging, vir teregwysing en vir die onderwysing in die geregtigheid."*
Hierdie waarde beklemtoon die **geloof en vertroue in die Bybel as die geïnspireerde Woord van God.**
Dit roep ons op om te aanvaar dat elke deel van die Skrif, van Genesis tot Openbaring, deur God self geopenbaar is en 'n doel dien in ons geestelike lewe. Ons vertroue in God se Verhaal is nie net 'n erkenning van **Sy wysheid en waarheid nie**, maar ook 'n daad van oorgawe en **gehoorsaamheid aan Sy wil vir ons lewens.**



## Ware Aanbidding

Die waarde is diep gewortel in die Bybelse beginsels van aanbidding wat verder strek as net musikale lof en aanbiddingsliedere.
In **Johannes 4:23** sê Jesus: "*Maar die uur kom en is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want soekers soek die Vader om hulle te aanbid."*
Hierdie verse beklemtoon dat **ware aanbidding nie beperk is tot 'n spesifieke plek of tyd nie, maar 'n lewenstyl is van 'n hart wat verbind is met God.** Dit is 'n houding van oorgawe, gehoorsaamheid en liefde vir God in elke aspek van ons lewens.
**Ware aanbidding strek verder as die uiterlike vertoon van aanbiddingsdienste**; dit omvat die integriteit van ons harte, ons denke, ons spreke, en ons handelinge. Dit beteken om God te behaag in elke situasie en om Hom te verheerlik met ons hele lewe.



## Onvoorwaardelike Liefde

Die waarde is 'n roep tot 'n diep en roekelose toewyding tot liefde vir God, die Familie van God en almal om ons. Dit strek verder as net 'n gevoel of emosie; dit is 'n daad van gehoorsaamheid aan die gebod van Christus self.
In **Lukas 10:27** leer ons Jesus se woorde: "*Hy antwoord en sê: 'Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.'"* **Hierdie verse beklemtoon die volmaaktheid en omvattendheid van liefde in die koninkryk van God.**
**Johannes 13:35** herinner ons dat liefde nie slegs 'n opsie is nie, maar '**n essensiële merk van 'n dissipelskap van Jesus:** "*Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*



# Radikale Gasvryheid

Die waarde is 'n uitnodiging tot 'n lewe wat gekenmerk word deur **vriendelikheid, hartlikheid en liefde vir alle mense, deur die praktisering van gasvryheid soos voorgeskryf in die Bybel.**
In **Romeine 12:13** lees ons: "*Dra deel aan die nood van die heiliges; oefen gasvryheid uit*." Hierdie vers moedig ons aan om nie net te deel met die behoeftiges nie, maar ook om 'n houding van gasvryheid te handhaaf teenoor almal wat ons ontmoet.

Radikale gasvryheid vra van ons om oor ons eie belange en gemak te beweeg om **ander te verwelkom en te versorg.** Dit is nie net beperk tot fisieke ontmoetings nie, maar strek ook na die hartseer, die eensame, en die vreemdelinge in ons midde.



# Ander Insluit

Hierdie waarheid is 'n kragtige herinnering van die inklusiewe liefde van God vir almal. In **Johannes 3:16** lees ons: "*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*" Hierdie vers beklemtoon dat **God se liefde nie beperk is tot 'n spesifieke groep mense nie, maar dat Hy elkeen uitnooi om deel te wees van Sy koninkryk.**
Hierdie beginsels van inklusiewe liefde en genade vorm die basis vir ons benadering tot ander mense.

**Dit vra van ons om mense te verwelkom, te respekteer en te aanvaar soos hulle is, omdat elkeen 'n geliefde skepsel van God is.**



# Maak Dissipels

Die waarde is 'n **ononderhandelbare roeping** wat ons onvoorwaardelik aanneem, omdat dit die **kern is van ons roeping as Christene.** Hierdie roeping word duidelik gestel in **Matteus 28:19**, waar Jesus aan sy dissipels opdrag gee: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."*
Hierdie vers bevestig die universele roeping van elke gelowige om **dissipelskap uit te leef deur die verkondiging van die evangelie, die doop, en die onderwys in gehoorsaamheid aan God se Woord.**

Maak dissipels is **meer as net 'n aktiwiteit** of 'n projek; **dit is 'n lewensstyl wat fokus op die vermeerdering van Christelike geloof en die vorming van gelowiges na die beeld van Christus.**



# Dien die Gemeenskap

Die waarde is 'n toewyding tot **diensbaarheid, wat ons aanvaar en omhels in gehoorsaamheid aan die Bybelse opdragte.**
In **Galasiërs 5:13** word ons aangespoor: *"Want julle is na vryheid geroep, broeders, alleen moet julle vryheid nie as 'n aanleiding vir die vlees gebruik nie, maar deur die liefde moet julle mekaar dien."*

Dien die gemeenskap is 'n **daad van liefde, medelye en gehoorsaamheid teenoor God se gebod om ons naaste lief te hê en hulle nood te dien. Dit is 'n manier om ons geloof in aksie te bring deur praktiese uitdrukkinge van liefde en ondersteuning vir diegene wat in nood is.**

# KDTA SPAN:





## Raymond en Amanda Lombard

Beskermheer en vennote van KDTA.

## Hannes en Janette Pretorius

Stigters en visionêre leiers van KDTA.





## Morné en Martinet Holtzhausen

Jeugpastoorsegpaar en Kampusvoogde

## Michael en Marelize Lindt

Musiek en opleiding, ontwikkeling en uitreike



## Jumario (Soppie) Thyse

Musiekmentor.



## Charne Bodington

Gemeenskapspojekte, Evangelisasie, Uitreike en Dissipelskapsopleiding
.



## Willie Khoza (Frankie)

Sedgefield avontuur Kampus
Terein Toesighouer



## Miceala Meyer

Finansies
Uitreike



## Jurika Pretorius

Crosses for Christ
Bediening



## Armand Dykstra

Avontuur en Kampus
Onderhoud

TRUST GOD'S STORY | AUTHENTIC WORSHIP | AUDACIOUS LOVE | RADICAL HOSPITALITY | INCLUDE OTHERS | MAKE DISCIPLES | SERVE THE COMMUNITY |

Ons

# Fasiliteite

- Ons fasiliteite te Mosselbaai bied woonplek vir tot 30 persone wat in luukse akkommodasie tuisgaan
- Wooneenhede word gedeel met tussen 2 tot 4 persone per woonstel.
- Hierdie eenhede is volledig toegerus met alle nodige toebehore en het WiFi
- Ons beskik oor ons privaat avontuur-kampus te Sedgefield.




**Ichtus Woonstelle Mosselbaai**



**Sedgefield Avontuur Kampus**






KDTA Akademie Binne




KDTA Akademie Buite

Ons

# Kostes

Die groot vraag is natuurlik, KOSTES? Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat ons ons kostes teen 'n gesubsidieerde prys aanbied. Ons kostes is waarlik laer as die markverwante verwagting - sonder om enigsins aan ons verbintenis tot uitnemendheid afbreek te doen.

Ons bied **twee opsies:**

**Opsie A**

- Deposito van R 3000,00 (drieduisend rand).
- Maandelikse fooi van R 6 000,00 (sesduisend rand).
- Hierdie opsie sluit GEEN etes in nie.

**Opsie B**

- Deposito van R 3000,00 (drieduisend rand).
- Maandelikse fooi van R 9 000,00 (negeduisend rand).
- Hierdie opsie sluit middagetes en aandete in, Maandae tot Vrydae.
- LET WEL, ontbyt word nie voorsien nie.

**Die insluitende kostes ten opsigte van BEIDE opsies is:**

- KDTA Lesingmateriaal en klasgelde.
- Fooie aan eksterne dosente en hul lesingmateriaal.
- Akkommodasie in ten volle toegeruste woonstelle (2-4 persone wat deel).
- Elektrisiteit, gas, water en WiFi.
- Akkommodasie tydens alle uitreike wat ons noodsaak om nie op een van ons twee kampusse te oornag nie.
- Alle vervoerkostes: plaaslik en tydens uitreike.
- Kostes en maaltye tydens alle uitreike en wegbreek-naweke by ons avontuur-kampus te Sedgefield.
- KDTA kleredrag (Gholfhemp, keps, hoody).

# Ons
# Program

- Ons teikengroep vir innames is ongetroude jongmense tussen die ouderdomme van 18 en 25 jaar.
- Ons program geskied hoofsaaklik volgens die indeling van die Kaapse skoolkwartale.
- Ons kurrikulum is spesiaal so ontwikkel om die visie en waardes van KDTA vas te lê; en ook om 'n persoonlike, geestelike en emosioneel verrykende belegging in elke student se lewe te wees.
- Ons formele weeklikse opleiding geskied Maandae tot Vrydae vanaf 08:30 tot 13:00.
- Die klasaanbieding is gemaklik en word in ons ruim lesinglokaal met puik geriewe gedoen.
- Aanbiedings is toepaslike met'n goed-gebalanseerde akademiese aanslag en bied ruimte vir persoonlike bediening.
- Ons voorsien alle lesingmateriaal.
- Ons kurrikulum sluit ook sekere modules in wat erkenning geniet by Raymond Lombard Ministries se Church of God International Bible College (COGIBC) met wie ons in 'n vennootskap is.
- Ten opsigte van ons kurrikulum het ons 'n institusionele RPL (recognition of prior learning) met COGIBC.
- KDTA is nie 'n Bybelskool nie alhoewel ons studente deeglike Skrifgefundeerde opleiding ontvang









Ons
# Kurrikulum

Ons kurrikulum is spesiaal so ontwerp dat dit die Skrifgefundeerde grondslag vorm waarop ons visie en waardes gebou is. Daarom is ons aanbiedings uniek en eie aan die KDTA-kultuur.

**Ons kurrikulum fokus op die volgende aspekte:**

- Dissipelskap Opleiding
- Kontekstuele Missiologie
- Geloofsvorming
- Persoonlike Ontwikkeling en leierskap
- Uitreike en bediening
- Avontuur Ekskursies

| | **Die vyf aspekte van ons kurrikulum wat ons bedieningsfilosofie rugsteun** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aspek | **Dissipelskap Opleiding** | **Kontekstuele Missiologie** | **Geloofsvorming** | **Persoonlike Ontwikkeling en Leierskap** | **Avontuur Ekskursies** |
| Intensionele fokus | Wat dit beteken om 'n volgeling en leerling van Jesus Christus te wees. | Hoe om relevant sonder kompromieë in die huidige samelewing jou Christenskap met oortuiging uit te leef. | Wat is die geloofsartikels wat ons Christelike geloof ten grondslag lê en ons verbintenis om dit te handhaaf. | Onselfsugtige self-aktualisering wat aksent plaas op holistiese welstand en dienskneg-leierskap | Om Christenskap en leierskap in harmonie met ander uit te leef. |
| Neem asseblief kennis:<br><br>Ons hersien ons kurrikulum jaarliks om te verseker dat dit relevant en kontekstueel is. | • KDTA-oriëntering<br>• Intensionele leefstyl<br>• Gewoontes<br>• Geestelike Dissiplines<br>• Jesus in die vier Evangelies<br>• Die Bergpredikasie<br>• Die vrug van die Gees<br>• Evangelisasie & Heart of man<br>• Jou identiteit in Christus<br>• Hoe om op die Here te wag<br>• Hoe om die Here se stem te hoor<br>• Versoekings<br>• Vlug. Volg. Veg. Fokus | • God se sending<br>• Sien mense soos Jesus hulle sien<br>• Inklusiewe missiologie<br>• en rassisme<br>• Ontdek jou bediening<br>• Big yes. Little yes. Healthy maybe.<br>• Faith in hostile times<br>• Ouer-kind-verhoudings<br>• Homoseksualisme<br>• GenZ<br>• Chemiese afhanklikheid en hoe om persone te bedien<br>• Self-pyniging<br>• Kontekstuele bewustheid en verantwoordelike Christenskap<br>• Jeugbediening | • Oorsig van die Nuwe Testament<br>• Die geesteswêreld<br>• Jesus kom weer! (Daniël & Openbaring)<br>• Die Name van God<br>• Pneumatologie: Die leer aangaande die Heilige Gees<br>• Die gawes van die Heilige Gees<br>• Begin reg en groei voort<br>• Die Sakramente<br>• Waar is God wanneer ek Hom nodig het?<br>• Apologetiek<br>• Die wapenrusting | • Voorkeur breinprofiel<br>• Skitterende self Skitterende verhoudings Skitterende leierskap<br>• Leierskap<br>• Dream big<br>• Emosionele gesondheid & Innerlike genesing<br>• 'n Geestelike perspektief op emosionele gesondheid<br>• Emosionele Intelligensie<br>• Verhoudings<br>• Voorhuwelikse voorbereiding<br>• Veerkragtigheid<br>• Verwerping<br>• Bitterheid en vergifnis<br>• Self-leierskap<br>• Mentorskap<br>• Finansies | • Uitreikings na plaaslike diensorganisasies<br>• Uitreikings na gemeentes<br>• Strand-uitreik<br>• Bediening by skole<br>• Fondsinsamelings by plaaslike markte<br>• Kuiers op ons Sedgefield avontuur-kampus<br>• Etiek tydens uitreikings |

TRUST GOD'S STORY | AUTHENTIC WORSHIP | AUDACIOUS LOVE | RADICAL HOSPITALITY | INCLUDE OTHERS | MAKE DISCIPLES | SERVE THE COMMUNITY |

**KONTAK ONS:**


**Hannes Pretorius**
info@koinoniadiscipleship.co.za
082 806 8895

**Morné Holtzhausen**
training@koinoniadiscipleship.co.za


Facebook:
**@koinoniadiscipleship**

Instagram:
**@koinoniadiscipleship**

**www.koinoniadiscipleship.co.za**